# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

18 Augustus 2025

Uitgawe 25



## Vers vir die week:

Hebreërs 10:23

"Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."

## Uit die hoof se kantoor:

Die hoofdoel van enige laerskool behoort te wees om leerders, wat 'n goed toegeruste waardestelsel en akademiese agtergrond bemeester het in die sewe jaar op die laerskoolbanke die hoërskool in te stuur. Hiermee saam 'n leerder wat in sport en kultuur volgens hulle talente (na die beste van hul vermoëns) ontwikkel is. Geen laerskool kan en moet 'n klein gevormde Springbok, Protea of een of ander nasionale-reeds-gevormde held na die hoërskool stuur nie. Dit is waarom die vennootskap tussen ouer en skool so belangrik is en dit is hoekom laerskole moet uitbrei en vestigingswerk verrig met leerders se goeie opvoeding by die huis. Dalk moet die laerskool help met restorasiewerk indien die opvoeding by die huis leemtes het. Die basis bly egter dieselfde! Leef die waardes van respek, verantwoordelikheid, integriteit, mededeelsaamheid en liefde daagliks uit want die omgewing waar jy skoolgaan laat dit toe en motiveer dit! Ons wil u as ouer vra om ons by te staan in hierdie vormingswerk. Ek weet die meeste van u doen dit reeds, maar vir die wat dalk in 'n mindere mate of om verkeerde redes by u kind betrokke is, vra ons om hande met Laerskool Voorpos te vat. Dit is ons missie om leerders die hoërskool in te stuur met 'n goed gevormde waardestelsel wat deur ons verhouding (ouerhuis en skool) vasgelê is!

Sterkte vir die week!

Mnr. Gerhard Engelbrecht

# AKADEMIE



## MENTAL MATHS / NUMERACY CHALLENGE

Ons is baie trots op Matthew Wait wat hierdie kwartaal met groot sukses aan die Mental Maths en Numeracy Challenge deelgeneem het.

By die Cluster-vlak het Matthew se harde werk en uitstekende Wiskundige vaardighede vir hom 'n plek in die Distriksvlak-kompetisie besorg. Hierdie kompetisie vind op 28 Augustus by Laerskool Mayville plaas.

Baie geluk, Matthew – ons weet jy gaan jou skool met trots verteenwoordig!

# MINISAGTEBAL

## Minisagtebaldag by Laerskool Tuinrand

Ons minisagtebalspanne het hierdie naweek by Laerskool Tuinrand aan 'n heerlike dag vol sport en spanpret deelgeneem. Die dogters het elke oomblik geniet en met groot geesdrif gespeel.

Baie dankie aan ons ouers vir julle ondersteuning en aanmoediging – dit maak die dag vir die kinders nóg meer spesiaal!













# LANDLOOP

Vories hardloop met hart!

Saterdag, 16 Augustus, het ons atlete by die Lavender kontreimark gaan deelneem aan die Landloop AGN-kampioenskappe. Op die grondpaaie en tussen al die stof, het elkeen hul beste gegee en dit was groot pret!

Ons is baie trots op al ons Vories wat so hard gewerk en mooi resultate behaal het.

Twee van ons ster-atlete het selfs deurgedring na die SA Kampioenskappe:

- Willem Joubert (o.9) – 16de plek
- Mizaan Louwies (o.13) – 11de plek

Die SA Kampioenskappe vind die 6de September in Middelburg plaas.

Baie geluk julle twee en 'n groot skouerklop vir elke Vorie wat ons skool so trots maak!



# KRIEKET



Ons seuns het hierdie week weer die veld warm gemaak met hul kragspel teen Danie Malan!

Die o/13's, o/11's en o/10's het hul wedstryde met puik spanwerk en sterk kolf- en boulprestasies gewen. Hulle het gewys dat harde oefening en deursettingsvermoë regtig 'n verskil maak. Die o/9's en een van ons o/12-spanne het wel verloor, maar dit was beslis nie sonder stryd nie – hulle het tot die laaste bal geveg en waardevolle ervaring opgedoen.

Die dag/aandwedstryde teen Wonderboom het met gemengde gevoelens geëindig: ons o/13-span het 'n moeilike wedstryd verloor, maar het nooit moed opgegee nie en sportmanskap eerste gestel. Ons o/11-span het egter die dag se sterre geword – met slim spel en goeie samewerking het hulle 'n welverdiende oorwinning behaal!

Dit is duidelik: elke span groei week na week en ons kan met trots sê dat ons spelers ware sportmanskap, deursettingsvermoë en passie vir krieket wys.



BEAST SPORTS®

## Dankie aan ons borge van BEAST SPORTS vir ons 1ste span se pragtige dag-aand uitrustings.






# SAGTEBAL

**Sagtebaldag teen Laerskool Tygerpoort**

Verlede week se ligawedstryd teen Laerskool Tygerpoort het goed afgeloop. Ongelukkig het twee van ons spanne verloor, ons o/10-span wen en die o/13-span speel gelykop. Ons kan sien hoe ons dogters met elke wedstryd verbeter. Sterkte vir die week se wedstryde teen Laerskool Louis Leipoldt.







# -berig

**REVUE**

Ons Revue-groep tree weer Maandag, 18 Augustus in die Staatsteater op, waar hulle deel is van TYAF Kaleidoscope se semi-finale.

Geluk en sterkte vir vanaand!



# Vir ons Vorie-ouers



## SELFONE

Dit is verstommend om te sien hoe tegnologie ons lewens die afgelope 20 jaar verander het. Toe ek gaan "swot" het, het selfone hul verskyning gemaak. Die foon het op 'n druppel soos 'n baksteen gelyk en glo my so gevoel ook! Rekenaars kon slegs werk as jy die program self skryf. Sagteware het nie bestaan nie. Vandag kan mens jou amper nie indink om foonloos of selfs rekenaarloos te wees nie. Alhoewel die fone deesdae so slim word, dit neem die rekenaar se werk oor. Gerieflik? Ja! In dieselfde asem maak dit my bang. Ons spandeer soveel ure op ons selfone, dat ons niks en niemand om ons behoorlik raaksien nie. Dit is veral vir ons kinders se ontwikkeling noodsaaklik om daardie skermtyd te beperk. Tot ons televisies het deesdae slim geword. Waar is die dae wat televisie net tussen ses en agt in die aand was en glo my as Haasdas se kenwysie begin, sit ons, as kinders, vasgenael.

Hoeveel tyd spandeer jou kind voor 'n skerm? Is daar reëls in julle huis? Watter voorbeeld stel ons vir ons kinders? Daardie speletjie of "youtube" video kan mos nie wag vir later nie… Sit ons as gesin aand vir aand in dieselfde vertrek, maar niemand praat met mekaar nie? Dink 'n bietjie hoeveel kwaliteittyd ons as gesin saam spandeer en hoeveel ons as gesin veby mekaar leef, met 'n skerm voor ons. Mens besef eers werklik hoe baie jy op jou foon is wanneer jy iewers kom waar daar geen selfoonsein is nie. Glo my die eerste dag vat jy kort-kort jou foon om "iets" te doen en dan besef jy daar is nie sein nie. Later raak jy dit gewoond en besef dat jy dit nie werklik so nodig het soos jy gedink het nie. Kom ons maak 'n voorraadopname in ons eie huis en kyk of ons nie so bietjie minder afhanklik van daardie fone kan raak nie!

Van net nog 'n mamma



# Belangrike datums vir die week:



## Maandag, 18 Augustus 2025

- Krieket: o/11 @ L/s Louis Leipoldt
- Tennisliga
- Revue: TYAF Kaleidoscope se semi-finale (Staatsteater)





## Donderdag, 21 Augustus 2025

- Krieket: o/10 B-span @ L/s Boerefort (Weg)
- Sagtebal: @ L/s Louis Leipoldt (Tuis)

## Vrydag, 22 Augustus 2025

- Krieket: o/11 en o/13 Dag/Aand @ L/s Danie Malan (Tuis)

## Saterdag, 23 Augustus 2025

- Mini-krieket
- Fietsry @Hazelwood Valley Trails



## Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by

rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

## Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by

rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

# ADVERTENSIES

WE COME TO YOU!

Phone:
Krisjan van Dyk
066 286 9286

Mail:
kjvandyk83@gmail.com

ELITE CLEAN AND DETAIL WORKS (PTY) LTD
2025/548731/07 TAX 9229142287

## BOOK NOW!

No queues, no hassle - We bring the carwash to your doorstep fully equipped. All we need is your vehicle.

| Services | SEDAN | SUV & DBL CAB | VAN & MINI BUS |
|---|---|---|---|
| FULL WASH : EXTERIOR & INTERIOR | R 110.00 | R 130.00 | R 140.00 |
| ENGINE CLEAN | R 100.00 | R 110.00 | R 120.00 |
| LEATHER TREATMENT | R 110.00 | R 120.00 | R 130.00 |
| MOTORBIKE & TRAILER | R 80.00 | | |
| HEADLIGHT RESTORATION | R 270.00 | R 320.00 | R 370.00 |
| MINI VALET & MACHINE POLISH | R 650.00 | R 800.00 | R 1000.00 |

### Ceramic Coatings

PRICES FROM R 1 999.00*

MAFRA FOREVER YOUNG CERAMIC COATING
*prices dependent on vehicle type
*2 Year Warranty

terms & conditions